

2 Julie

Skrifgedeelte: Amos 5:1-6:14

Fokusgedeelte: Amos 5:4-9

Vind lewe by God

Die noordelike ryk Israel was teen die agtste eeu vC sterwend. Hulle was godsdienstig sterwend, want al het hulle nog godsdienstige handeling uitgevoer het hulle God nie meer gedien nie. Israel het na asem gehyg, omdat die regspraak verdraai is. Onskuldiges is gestraf en skuldiges het losgekam. Talle inwoners het nie meer ware lewensvreugde geniet nie, want die welgesteldes het die armes glad nie jammer gekry nie. God het Kanaän aan Israel gegee om in te lééf, maar hulle was besig om mekaar dood te wurg. God wil nie hê dat sy volk só ondergaan nie. Hy beveel hulle: "Soek My, dan sal julle lewe" (5:4 OAV). Van nature kies die mens altyd die pad wat op die dood uitloop. In sy genade gryp God in en wys nie alleen die pad van die lewe aan nie, maar uit liefde beveel Hy ons ook om daarop te loop. Hy stel ons ook in staat om die weg te kan bewandel. Deur sy eie Seun se dood het God ons bevry van die mag van ongehoorsaamheid en selfliefde wat op die dood uitloop. Deur sy Gees werk Hy in ons om die gewilligheid as bevrydes die pad van die lewe te bewandel.

Waar mense gehoorsaam is en God soek, lééf mense. Dáár is respek vir mekaar in die huwelik, eerbied vir mekaar se lewens en eiendom, orde in die samelewing en bo alles: vrede met God.

Sing: Psalm 128:1,2,3

Ds EJ de Beer (Laeveld)